



eduresourceza.com



BEAULIEU COLLEGE

Graad 12

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Julie 2019 Voorbereidende Eksamen

Vraestel 1

Eksaminator: M. Pratt

Moderator: R vd Merwe

Datum: 17 Julie 2019

Tyd: 2½ uur

Punte: 100

Instruksies:

1. Beantwoord al die vrae in hierdie vraestel.
2. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
3. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
4. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
5. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

Afdeling A: Leesbegrip	Vraag 1 - 3	30
Afdeling B: Opsomming	Vraag 4	10
Afdeling C: Gedigte	Vraag 5 - 7	30
Afdeling D: Taalvaardigheid	Vraag 8 - 10	30
TOTAAL VAN VRAESTEL		100

AFDELING A

LEESBEGRIP

VRAAG 1

TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Wees slim wanneer jy kies waarvoor om te studeer

- 1 Dit is nou die tyd van die jaar om ernstig oor jou loopbaankeuse te dink. Dit is nie maklik nie, want daar is soveel beroepe en nuwe werke om van te kies. Jy wil nie na jou studies besef dat jy verkeerd gekies het nie.
- 2 Werk is skaars en verskillende werke verg verskillende vaardighede. Baie van vandag se jongmense dink dat hulle nie hier in Suid-Afrika 'n werkstoekoms het nie. Anton Musgrave, uitvoerende hoof van *FutureWorld International*, stem nie saam nie. Volgens hom is daar baie werkseleenthede vir jongmense as entrepreneurs. Jy moet weet dat die lewe jou niks skuld nie. Jy moet self dinge laat gebeur. Hy glo dat die werkstoekoms van jongmense baie opwindend is. Volgens hom is daar soveel veranderinge wêreldwyd, dat daar oor tien jaar beroepe gaan wees wat vandag nog nie bestaan nie.
- 3 Die keuse van jou opleiding is baie belangrik. Dit is van die grootste belang om navorsing te doen oor werkbeskikbaarheid voor jy 'n besluit oor jou loopbaankeuse maak. Leer verskillende vaardighede, skerp jou rekenaarkennis op en vind uit wat alles nodig is om 'n goeie werk te kry.
- 4 Anton voorspel watter beroepe in die toekoms werkers nodig sal hê en dit is beslis iets om oor na te dink. Hy noem die volgende beroepe wat jy in gedagte moet hou.
 - **Bejaarde- en Kinderversorging**
Die behoefte hieraan sal toeneem omdat mense ouer word en ook omdat al hoe meer ouerpare moet werk.
 - **Werk gebore uit katastrofes**
As gevolg van aardverwarming, die beweging van aardplate en vulkaniese uitbarstings gaan daar meer natuurrampe wees. Daar kan as gevolg van aardverwarming, vloedskade wees. Meer dokters, fisioterapeute en traumaberaders sal nodig wees. Om die skade van natuurrampe te herstel, sal argitekte, bouers, loodgieters en elektrisiëns nodig wees. Ingenieurs sal in die toekoms baie werk beskikbaar hê. Dis veral elektroniese- en bedryfsingenieurs wat in aanvraag sal wees.

- **Bioteegnologie**
Omdat die wêreldbevolking steeds groei, sal beroepe rondom bioteegnologie vir die vervaardiging van kos, medisyne en brandstof noodsaaklik word.
- **Biochemie** (chemiese prosesse in mense, diere en plante)
Dit sal meer aandag geniet – veral genetika (die ontleding van DNS) om so agter te kom wat siektes veroorsaak. Genetiese manipulasie van groente sal belangriker word om die groeiende populasie regoor die wêreld kos te kan gee.
- **Entrepreneurs**
Dit is belangrik dat jongmense moet leer om hul eie werk / besigheid te skep. Die kragkrisis byvoorbeeld, skep nuwe geleenthede vir entrepreneurs. Die toekoms het enorme behoefte aan selfgedrewe jongmense.
- **Gasvryheid en toerisme**
Vryetydsbesteding gaan een van die grootste beroepsgolwe oor die volgende dekade in ons land veroorsaak. Dit sluit 'n wye verskeidenheid in, soos sportbestuur, toerisme en vermaak. As jy behoorlik opgelei is in die vaardighede wat nodig is, sal jy beslis nooit sonder werk sit nie.

Daar sal ook posisies in IT wees. Goed opgeleide jongmense in die veld sal nie sonder werk sit nie. Daar word beraam dat Suid-Afrika teen die einde van volgende jaar alreeds 'n tekort van meer as 100 000 ontwikkelaars, samestellers en bestuurders sal hê.

Universiteite landwyd dien as skakel tussen die werkgewers en studente. Kies die regte loopbaan en jou toekoms in ons land is verseker.

(Verwerk uit: Sarie.com 2019)

VRAE:

- 1.1 Waarom moet jy **nou** slim wees as jy kies waarvoor jy wil studeer?
Motiveer deur 'n aanhaling uit die leesstuk te gee. (1)
- 1.2 Wat beteken dit as werk skaars is? (1)
- 1.3 Wat is die belangrikste om te hê om 'n goeie werk te kan kry en behou?
Gee 'n **enkele woord** as antwoord. (1)
- 1.4 Wat is die opinie van baie van die jongmense oor hulle werkstoekoms in Suid-Afrika? (1)
- 1.5 Waarom sal entrepreneurs baie werksgeleenthede hê? (1)

- 1.6 Hoekom dink Anton dat die werkstoekoms van jongmense in Suid-Afrika baie opwindend is? (2)
- 1.7 Noem **TWEE DINGE** wat jy moet doen om 'n goeie werk te kry. (2)
- 1.8 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. Motiveer jou antwoord deur na die teks te verwys.
- Natuurrampe kan daartoe lei dat daar minder werk vir jongmense sal wees.* (2)
- 1.9 Hoekom sal Biotegnologie belangrik wees in die toekoms? (1)
- 1.10 Lees die volgende gedeelte en sê wat dit beteken. **Kies jou antwoord uit die drie moontlike antwoorde.** Skryf slegs die simbool neer.
- “Vryetydsbesteding gaan een van die grootste beroepsgolwe oor die volgende dekade veroorsaak.”
- A. Daar gaan 'n reuse golf wees.
B. Baie jongmense gaan vrye tyd hê.
C. Sport en toerisme gaan al hoe populêrder word. (1)
- 1.11 In watter beroepsveld sal jy nooit sonder werk sit nie? (1)
- 1.12 Hoe kan jy jou toekoms in Suid-Afrika verseker? (1)

[15]

VRAAG 2

ADVERTENSIE

Lees die advertensie op die volgende bladsy deeglik deur en beantwoord die vrae wat volg.

VRAE:

- 2.1 Op watter fantastiese vakansie kan jy as alternatief vir Rage gaan? (1)
- 2.2 Watter skip sal die matrieks na Mosambiek toe vat? (1)
- 2.3 Haal 'n **gedeelte van 'n sin aan** wat wys dat die MSC Musica nog nooit voorheen in Suid-Afrika was nie. (1)
- 2.4 Hoeveel keer vertrek die skip van die Durbanse hawe af? (1)
- 2.5 Moet jy apart vir jou hawe belasting betaal? Motiveer jou antwoord deur uit die teks aan te haal. (2)

Matriekvakansie

2018

... met 'n bootreis

Ervaar die MSC Musica vir
die eerste keer in SA waters!

... na Portugese eilande en Pomene, Mosambiek



Vertrekdatums:

26 November OF
3 Desember OF
10 Desember 2018

R9 450
ppd

Ingesluit: *Retoervlugte vanaf Kaapstad na Durban.

*Lughawe en -hawe belastinge.

*4 nagte op MSC Musica met alle etes en vermaak.

*Vervoer vanaf King Shaka lughawe na Durban hawe.

*Binnekajuit vir 4 persone.

Bespreek vandag nog

by



Petrusa Marais



E-mail:
info@mondetravel.co.za



Mobile:
+27 (0) 82 325 8124



Website:
www.mondetravel.co.za

Opgradering ook beskikbaar...

...na dubbelkajuit OF
buitekajuit OF
balkonkajuit

...en/of eiland ekskursies

...OF ekstra nag in
Durban en/of
Kaapstad

Besprekings natuurlik afhanklik van beskikbaarheid

Moenie wag nie ... kontak ons dadelik om jou plek te verseker!

- 2.6 Hoe kom jy van die lughawe tot by die Durbanse hawe? (1)
- 2.7 Die spesiale aanbod vir matrieks bied 'n kajuit aan vir vier mense binne in die skip. Haal **EEN WOORD** uit die teks aan wat daarop dui dat jy jou akkommodasie kan verbeter. (1)
- 2.8 Waar moet jy jou bespreking vir hierdie vakansie doen? (1)
- 2.9 Hoekom sal jy nie op hierdie bootreis kan gaan nie ?
Motiveer jou antwoord deur na die teks te verwys. (1)

[10]

VRAAG 3

STROKIESPRENT



Beantwoord die vrae wat op die strokiesprent gebaseer is.

VRAE:

- 3.1 Hoe weet ons die seun se ouers kan nie goed sien nie? (1)
- 3.2 Die seun beduie met sy vinger terwyl hy praat. Hoe dui die kunstenaar dit visueel aan? (1)
- 3.3 Wat dui aan dat die seun net van die skool af gekom het? (1)
- 3.4 Beskryf die ouers se gesigsduitdrukkings deur 'n enkele woord. (1)
- 3.5 Wie het besluit dat die woorde op skoolrapporte moet verander? (1)

[5]

30

AFDELING B

OPSOMMING

VRAAG 4

INSTRUKSIES:

- Som in 5 sinne op wat die verskillende maniere is om maklik vir jou eksamen te leer.
- Gebruik 'n voegwoord om twee feite per sin te hê.
- Jou vyf sinne moet altesaam 70 woorde lank wees. (60-80 woorde)
- Nommer jou sinne van 1 tot 5 en laat 'n reël tussen elke nommer oop.
- Dui die getal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy mag nie Engelse woorde gebruik nie.
- Gee 'n wenk hoe om te studeer en waarom dit sal help.

Anderste studiewenke

Leer lag-lag vir die eersdaagse eksamen

Om ander mense iets te leer, is die beste manier om jou kennis te verbeter en te onthou. Leer jou gesin elke aand iets nuuts van jou leerwerk; so kan jy vasstel waaraan jy nog moet werk. Maak dus van hierdie tegniek gebruik om beter te onthou.

Die beste manier van studeer is om van agter af vorentoe te studeer. Dit beteken dat jy met die laaste vak wat jy skryf, eerste moet begin. Bêre jou eerste vak vir laaste. Jy sal 'n week voor jou eksamen vir die vak wat jy eerste skryf studeer en die inligting sal vars in jou geheue wees.

Het jy al opgemerk dat 'n sekere reuk jou terugvoer na 'n spesifieke tyd toe? Gebruik een spesifieke reukweerder wanneer jy vir 'n spesifieke vak studeer en spuit dit aan voor jy 'n spesifieke vak gaan skryf. Dit verfris jou geheue veral as jy sleutelwoorde met die reuk assosieer.

Maak tyd om tussen jou leerwerk deur te ontspan. Dis belangrik om 'n balans te hê, want jy kan jouself uitbrand as jy sonder ophou leer. Dit help nie om vir ure aaneen te studeer nie, want jy sal nie alles kan onthou nie. Jou brein moet kans kry om te rus.

Sukkel jy om jou vraestel klaar te maak? Oefen ou vraestelle en maak of die vraestel tien minute korter is. Dit sal dan voel of jy meer tyd het. As jy nie 'n antwoord ken nie, gaan na die volgende vraag. Wanneer jy klaar is, kan jy teruggaan na die vrae wat jy nie beantwoord het nie.

(Verwerk uit Huisgenoot: 19 Mei 2016)

AFDELING C

POËSIE

VRAAG 5

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Strelitzia

- 1 dit was reeds te laat vir verskonings maak
2 toe mevrou Susan van Breda – enkele sekondes
3 nadat sy die oggend stiptelik om sewe-uur
4 met 'n lang sigaret
5 tussen gladde naels agter die stuur
6 van haar luukse sedan ingeskuif het –
7 skielik
8 geskok
9 na die linkerkant van haar simmetries
10 geplaveide siersteenoprit staar
- 11 dit was reeds te laat vir verskonings maak,
12 ja,
13 maar
14 dalk
15 indien sy nie so besig was om
16 (met die staar saam)
17 aan verskonings te dink nie
18 sou sy dalk ten minste redes kon kop
19 waarom haar seun haar strelitzia
20 stukkend sou wou skop

Annie Kloppe

VRAE:

- 5.1 Watter een van die volgende woorde is nie 'n goeie beskrywing van Susan van Breda nie?
- A. Gesofistikeerd
 - B. Stiptelik
 - C. Spontaan
 - D. Georganiseerd

(1)

- 5.2 Watter aanduiding kry ons dat die Van Breda's moontlik ryk mense kan wees? (1)
- 5.3 Hoe word Susan se eienskappe in die plaveisel van die oprit weerspieël? (1)
- 5.4 Ons lees in reël 8 dat Susan geskok is. Wat het haar so geskok? (1)
- 5.5 Wat doen sy terwyl sy geskok staan ? (1)
- 5.6 Hoe sal jy Susan se verhouding met haar seun beskryf? (2)
Gee 'n rede vir jou antwoord.
- 5.7 Dui die alliterasie in reël 3 aan en sê wat die funksie daarvan is. (2)
- 5.8 Noem **EEN** rede hoekom die gedig 'n vryevers is. (1)

[10]

VRAAG 6

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord dan die vrae.

Aandeelhouer

- 1 En die jongeheer?
2 Gaan hy ook eendag in sy pa se voetspore volg?
- 3 No ways Meneer my
4 interest is nie in finance ek
5 rate nie baie hoog woorde
6 soos inflasie resessie aandele die
7 beurs dra ek in my sak ek
8 invest my tyd en energy in
9 sport my muscles is my
10 bates dit het
11 effekte op die girls laat
12 hulle bloeddruk opwaarts neig
13 my risiko's is matig vir stewige
14 lopies kyk ek krieket
15 en anyway who cares wat die
16 prys
17 is van koring mielies en
18 sonneblom

Alta Marincowitz

VRAE:

- 6.1 Wie praat in hierdie gedig met die seun? (1)
- 6.2 Wat is vreemd aan die manier waarop die seun in die eerste twee versreëls aangespreek word? (1)
- 6.3 Watter werk doen die seun se pa? (1)
- 6.4 Hierdie seun werk hard om 'n mooi lyf te hê. Watter effek het sy mooi lyf op die meisies? (1)
- 6.5 Finansiële lopies is nie vir die seun belangrik nie. Watter lopies is vir hom belangrik? (1)
- 6.6 Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. Haal paslike woorde aan om jou antwoord te bewys.
Die seun is vasbeslote om nie dieselfde werk as sy pa te doen nie. (2)
- 6.7 Waarna verwys die "beurs" wat die seun in sy sak dra en die "beurs" wat vir sy pa belangrik is. (2)
- 6.8 Waarom kan ons sê dat hierdie gedig ironies is? (1)

[10]

VRAAG 7

ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die volgende ongesiene gedig sorgvuldig deur en beantwoord dan die vrae:

As Lara glimlag

1 As Lara glimlag
2 word my skooltas onverwags lig,
3 wiskunde eensklaps maklik
4 en verstaan ek daai Shakespeare-gedig.

5 As Lara glimlag
6 verdwyn die ou grys skoolgebou.
7 Haar glimlag kan jou selfs
8 van Maandae laat hou.

9 As Lara glimlag
10 kry my rugbytoks vlerke,
11 kan selfs verloor okei voel.
12 Ek wens net Lara se glimlag
13 was spesiaal vir my bedoel.

Jaco Jacobs

VRAE:

- 7.1 Watter voordeel is daar vir die seun as Lara glimlag?
Beantwoord in jou eie woorde. (1)
- 7.2 Dink jy dis moontlik dat 'n glimlag jou tas ligter kan laat voel? Motiveer jou antwoord. (2)
- 7.3 Waarom dink jy word die skoolgebou as "grys" beskryf? (1)
- 7.4 Hou die seun van al die dae van die week? Motiveer jou antwoord deur uit die gedig aan te haal. (2)

- 7.5 Wat dink jy beteken dit as die seun sê: “kry my rugbytoks vlerke”? (1)
- 7.6 Verduidelik wat die seun bedoel as hy sê: “Ek wens net Lara se glimlag was spesiaal vir my bedoel”. (2)
- 7.7 Hoekom word die eerste versreël drie keer herhaal? (1)

[10]

30


AFDELING D

TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8

SINSTRUKTURE

Lees die strokiesprent sorgvuldig deur en voltooi die sinne deur te begin soos aangedui.



- 8.1 Neelsie sê altyd dat sy boek weg is, sodat hy nie in die moeilikheid kan kom nie.
Neelsie sê altyd dat sy boek weg is om ... (1)
- 8.2 Meester probeer Neelsie tot nuwe hoogtes motiveer.
Die vorige dag ... (1)
- 8.3 Neelsie moet elke keer aan 'n ander verskoning dink.
Neelsie hoef ... (1)
- 8.4 Neelsie wil nie vir sy pa sy slegte punte wys nie. Sy toetsboek is altyd weg.
Omdat ... (1)


- 8.5 Meester is nie regverdig nie. Meester is nie bereid om te luister nie.
Meester is nóg ... (1)
- 8.6 Meester skree vir Neelsie: "Verlaat die klas onmiddelik!"
Meester skree vir Neelsie om ... (1)
- 8.7 Neelsie het skielik baie beter gedoen, omdat hy sy huiswerk kon verstaan.
Op die oomblik ... (1)
- 8.8 Meester sal vir Neelsie uit die klas jaag, want hy doen nie sy huiswerk nie.
Meester sal vir Neelsie uit sy klas jaag indien ... (1)
- 8.9 Neelsie gee 'n flou verskoning. Meester jaag hom uit die klas uit.
Nadat ... (1)
- 8.10 Die werk sal nooit deur Neelsie gedoen word nie.
Neelsie ... (1)
- 8.11 Neelsie speel daaglik speletjies op die rekenaar.
Speletjies ... (1)
- 8.12 Die boeke is dik. Neelsie moet uit die boeke leer.
Die boeke waaruit ... (1)

[12]

VRAAG 9

WOORDSTRUKTURE

Kyk goed na die prentjie en voer die opdrag tussen hakies uit. Skryf slegs die nommer en antwoord neer.



Julle het seker almal nou al 'n **9.1** (**leerling + lisensie** –gee een woord). Ek wil julle vertel van my ouma se **9.2** (**een** – gee die korrekte rangtelwoord) les. Dit was in my oupa se 1949 Buick wat nie regtig 'n klein **9.3** (**kar** – gee die verkleinwoord) is nie. Hy was baie trots **9.4** (**vir / met / op** – kies die korrekte voorsetsel) die Buick en was dus **9.5** (**kwaad** – gee die intensiewe vorm) toe sy met **9.6** (**skreeu**- gee die teenwoordige deelwoord) bande wegtrek. Die plaas is altyd baie besig om **9.7** (**6.30** – skryf die tyd volledig neer), maar dit was presies hoe laat Ouma wou oefen.

Jy kon die kalkoen se **9.8** (**veer** – gee die meervoud) sien waai toe Ouma teen 'n **9.9** (**verskriklik** – gee die korrekte vorm van die woord) spoed om die draai gejaag kom. Met haar oë wyd oop in volkome **9.10** (**konsentreer** - gee die afgeleide byvoeglike naamwoord) het sy nou op die **9.11** (**windmill** – gee die korrekte Afrikaans) afgestuur. Oupa se **9.12** (**groot** – gee die oortreffende trap) vrees was dat sy 'n ongeluk sou maak in sy Buick. Sy was alreeds **9.13** (**80** – skryf uit in woorde) jaar oud en het **9.14** (**m.b.v** – skryf die afkorting volledig neer) krukke geloop. Al die **9.15** (**kuiergas** – gee die meervoud) op die plaas was **9.16** (**skok** – gee die korrekte vorm van die woord) om te sien hoe onverantwoordelik sy was.


½ elk

[8]

VRAAG 10

KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder, wat op die spotprent gebaseer is, deeglik deur.
- Voer die instruksies wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat.
- Elke respons moet 15-20 woorde lank wees.
- Dui die getal woorde aan die einde van elke respons aan.
- Laat drie reëls oop na elke situasie.



Situasie

Na 'n lang dag op die golfbaan, sit die vriende in die klubhuis en gesels.

- 10.1 Vrou A vertel haar vriende hoe **woedend** sy is dat sy nou in 'n rolstoel sit. Sy vertel hulle **wat** op die golfbaan met haar gebeur het wat haar **beseer** het.

(2)

- 10.2 Man B is baie **bekommerd** oor haar. Hy **wonder watter raad** hy haar kan gee om beter te voel oor haar situasie. (2)
- 10.3 Man C is **doodverveeld** met haar storie want sy maak van alles 'n drama. Hy dink dat sy **dankbaar** moet wees dat sy sulke goeie vriende by die gholfklub het. Wat dink hy sal hy vir haar sê? (2)
- 10.4 Man D is vrou A se man. Hy is weet die storie wat sy vertel is nie waar nie. Hy besluit om haar by die huis te **waarsku** oor haar stories en watter **gevolge** haar leuens op haar kan hê. Wat sal hy vir sy vrou sê? (2)
- 10.5 Man E is in beheer van die kroeg en hy wil toesluit. Hoe vra hy **beleefd** dat almal hulle **laaste bestelling** vir drankies moet gee omdat hy **wil toesluit**. Wat sê hy vir hulle? (2)

[10]

30

Totaal: 100 punte

GRAAD 12 PROEFESAMEN 2019

MEMORANDUM

AFDELING A: LEESBEGRIIP

VRAAG 1

- 1.1 Daar is soveel beroepe en nuwe werke om van te kies. (1)
- 1.2 Daar is nie baie werk nie. (1)
- 1.3 Hulle dink dat hier in Suid-Afrika nie vir hulle 'n werkstoekoms is nie. (1)
- 1.4 Entrepreneurs. (1)
- 1.5 Omdat daar soveel veranderinge wêreldwyd wyd is. (1)
- 1.6 Daar sal werke beskikbaar wees wat nog nie bestaan het nie. (1)
- 1.7 Jy moet opgelei wees✓ en verskillende vaardighede soos jou rekenaar-kennis verskerp / verbeter✓. (2)
- 1.8 Onwaar✓. Aarverwarming, aardbewings, die beweging van aardplate en vulkaniese uitbarstings sal veroorsaak dat ons meer dokters en ingenieurs nodig sal hê✓. (2)
- 1.9 Omdat die wêreldbevolking groei, sal meer kos, medisyne en brandstof nodig wees. (1)
- 1.10 C – Sport en toerisme gaan al hoe populêrder word. (1)
- 1.11 In IT. (1)
- 1.12 Wanneer jy goed opgelei is. (1)
- 1.13 “vaardighede”. (1)
- [15]**

VRAAG 2

- 2.1 Op 'n bootreis na die Portugese Eilande toe. (1)
- 2.2 MSC Musica. (1)
- 2.3 “vir die eerste keer in SA waters!”. (1)
- 2.4 Drie keer. (1)
- 2.5 Nee✓. “Ingesluit: Lughawe en -have belasting”✓. (2)
- 2.6 Vervoer word vir jou gereël. (1)
- 2.7 “Opgradering”. (1)

- 2.8 By Monde Travel. (1)
- 2.9 Eie motivering. (1)
- [10]**

VRAAG 3

- 3.1 Albei dra bril. (1)
- 3.2 lyntjies rondom sy wysvinger. (1)
- 3.3 Sy rugsak/ skooluniform/rapport gebring. (1)
- 3.4 geskok / ontsteld /verstom (1)
- 3.5 Die Departement (1)
- [5]**

AFDELING B

OPSOMMING

1. As jy jou gesin elke aand iets nuuts van jou leerwerk leer, kan jy sien wat jy nog nie goed ken nie.
 2. Die beste manier van studeer is om met jou laaste vak te begin en laaste jou eerste vak, want dan is die informasie vars in jou geheue.
 3. As jy 'n spesifieke reukweerder wat jy gereeld gebruik, voor jy skryf, aanspuit sal dit help om jou geheue te verfris.
 4. Jy moet tussen jou leerwerk tyd maak om te ontspan, want jou brein moet 'n kans kry om te rus.
 5. As jy sukkel om vraestelle klaar te maak, moet jy ou vraestelle oefen en maak of dit tien minute korter is.
- [10]**

NASIENRIGLYNE:

- -1 as die sinne nie genommer is nie.
- -1 as die getal woorde nie aangedui is nie.
- -1 as die getal woorde minder as 60 of meer as 80 is.
- - ½ per sin as direk oorgeskryf is.
- - ½ vir Engelse woorde wat gebruik word.
- As die leerder meer as een sin per nommer het, word net die eerste sin gemerk.
- As die sinne nie in volgorde geskryf is nie, moet net die sinne wat by die nommer pas nagesien word.

PUNTETOEKENNING:

2 PUNTE PER SIN – DAAR MOET 2 FEITE PER SIN GENOEM WORD.

AFDELING C

POËSIE

VRAAG 5

Strelitzia

- 5.1 C – Spontaan. (1)
- 5.2 Mev. Van Breda ry 'n luukse kar. (1)
- 5.3 Dis net so presies soos sy: georganiseerd en die plaveisel is met presisie gelê, dis simmetries. (1)
- 5.4 Haar seun was besig om die strelitzia plant stukkend te skop. (1)
- 5.5 Sy dink aan verskonings vir haar seun se gedrag. (1)
- 5.6 Sy het nie 'n goeie verhouding met haar seun nie√, want sy het nie tyd vir hom nie√. (2)
- 5.7 “stiptelik om sewe-uur”√ – Die herhaling van die s-klank beklemtoon dat Mev. Van Breda gesteld is op stiptelikheid√. (2)
- 5.8 Geen vaste rympatroon nie / Reëls is nie ewe lank nie / baie min punktasië. (1)

[10]

VRAAG 6

Aandeelhouer

- 6.1 Die onderwyser. (1)
- 6.2 Die onderwyser spreek hom nie op sy naam aan nie, maar noem hom “jongeheer”. (1)
- 6.3 Hy is 'n ekonoom. (1)
- 6.4 Dit laat hulle bloeddruk styg. (1)
- 6.5 Die lopies wat in krieket aangeteken word. (1)
- 6.6 Waar. “interest is nie in finance”; “invest in my tyd”. (2)
- 6.7 Die seun dra sy beursie waarin sy geld is√. Sy pa belê geld in die aandele-beurs√. (2)
- 6.8 “in elk geval wie gee om wat die”. (1)

[10]

VRAAG 7

Ongesiene gedig

As Lara glimlag

- 7.1 As hy Lara se glimlag sien. (1)
- 7.2 Nee✓, maar dit laat dit so voel, want hy hou van Lara✓. (2)
- 7.3 Daardie. (1)
- 7.4 Nee✓. "Haar glimlag kan jou selfs van Maandae laat hou"✓. (2)
- 7.5 Dis dan vir hom lekker om rugby te speel en op die veld rond te hardloop. (1)
- 7.6 Dis duidelik dat Lara nie vir hom glimlag nie✓, maar vir iemand anders✓. (2)
- 7.7 Om te beklemtoon hoe hy voel as Lara glimlag. (1)
- [10]**

VRAAG 8

SINSTRUKTURE

- 8.1 Neelsie sê altyd dat sy boek weg is om nie in die moeilikheid te kom nie. (1)
- 8.2 Die vorige dag het Meester Neelsie tot nuwe hoogtes probeer aanspoor. (1)
- 8.3 Neelsie hoef nie elke keer aan 'n ander verskoning te dink nie. (1)
- 8.4 Omdat hy nie vir sy pa sy slegte punte wil wys nie, is Neelsie se toetsboek altyd weg. (1)
- 8.5 Meester is nóg regverdig nóg bereid om te luister. (1)
- 8.6 Meester skree vir Neelsie om die klas onmiddelik te verlaat. (1)
- 8.7 Op die oomblik doen Neelsie skielik baie beter, omdat hy sy huiswerk kan verstaan. (1)
- 8.8 Meester sal vir Neelsie uit die klas jaag, indien hy nie sy huiswerk doen nie. (1)
- 8.9 Nadat Neelsie 'n flou verskoning gegee het, het Meester hom uit die klas uitgejaag. (1)
- 8.10 Neelsie sal nooit die werk doen nie. (1)
- 8.11 Speletjies sal eerder deur Neelsie op die rekenaar gespeel word. (1)
- 8.12 Die boeke waaruit Neelsie moet leer, is dik. (1)
- [12]**

VRAAG 9

WOORDSTRUKTURE

9.1 leerlingslisensie

9.2 eerste

9.3 karretjie

9.4 op

9.5 smoorkwaad

9.6 skreeuende

8.7 halfsewe

9.8 vere

9.9 verskriklike

9.10 konsentrasie

9.11 windpomp

9.12 grootste

9.13 tagtig

9.14 met behulp van

8.15 kuiergaste

9.16 geskok

½ elk

[10]

VRAAG 10

KOMMUNIKASIE

NASIENRIGLYNE:

2 PUNTE PER SIN –

Inhoud:

- Indien die leerder die opdrag reg vertolk het - (1)
- Indien die leerder dit verkeerd verstaan het - (-1)

Taal:

- Indien daar geen foute is nie. (1)
- Vir elke taalfout (- ½)
- Sirkel Engelse woorde. Hou die woord toe en indien die sin dan betekenis verloor, is die geen punte nie.

NB: SPELLING TEL NIE PUNTE NIE.

10.1 Dui woede aan sonder om woord **woede** te gebruik
Insident wat tot besering gelei het

10.2 Wys bekommernis sonder woord **bekommerd**
Raad om beter te voel

10.3 Dui sy verveling aan sonder woord **verveeld**
bewys dankbaarheid

10.4 Gee waarskuwing
Noem negatiewe gevolge van daad

10.5 Asseblief
Laaste drankies vra

[10]

Totaal: 100

eduresourceza.com